

Skriflesing: Markus 16:9

Tema: "Wanneer jy 'n vrou slaan, slaan jy 'n rots."

Ons hou langnaweek, want môre is Nasionale Vrouedag. Waartoe gaan die dag? Die dag gedenk die nasionale optog van 20 000 vroue na die Uniegebou in Pretoria op 9 Augustus 1956.

Die optog was om beswaar te maak teen Groepsgebiedewet (algemeen bekend as die paswette) wat Swart Suid-Afrikaners verplig het om 'n pas te dra. Die pas was 'n dokument wat die daaglikse beweging van swart mense gedurende die apartheidsera beperk het. Dit was ongehoord vir daardie tyd, maar die groep het 'n petisie met 100 000 handtekeninge aan die destydse eerste minister, JG Strijdom, oorhandig. Hulle het vir 30 minute stil buite gestaan en toe 'n lied gesing. Die woorde van hulle dreunsang in Afrikaans vertaal is: "Wanneer jy 'n vrou slaan, slaan jy 'n rots."

In hierdie tyd word daar dan baie gepraat en geskryf oor onderwerpe soos vroue-regte, diskriminasie teen vroue en ook geweld teen vroue, maar ons het nog 'n baie lang herstelpad om te loop.

Dit was so stukkies geskiedenis. Ons lees van baie besondere vroue in die Bybel. Met die oog op Nasionale Vrouedag môre, gaan ons vandag stilstaan by die geloofsverhaal van Maria Magdalena. George Matheson noem in sy boek, "Portraits of Bible Woman", vir Maria Magdalena die "Paulus onder die vroue."

Dit is tog interessant dat daar geen vroue onder Jesus se twaalf dissipels was nie. Jesus het egter baie vrouevolgelinge gehad.

'n Vrou in Jesus se tyd was ondergeskik aan haar man. Vroue het geen regte gehad nie. Ons het 'n spreekwoord van veral kinders wat gesien moet word, maar nie gehoor moet word nie. 'n Vrou tydens Jesus se lewe op aarde is nie gesien of gehoor nie. Sy moes sorg vir die huishouding, kos en kinders.

Dit is egter duidelik dat Jesus nie die vroue behandel het volgens die algemene beskouing van sy tyd nie, maar as mense in eie reg. Alle mense is gelyk in Jesus se oë.

Jesus het aan vroue die volle geleentheid en ruimte gegee om as gelykes, hulle rol te speel en met hul gawes te dien.

Een so vrou was Maria Magdalena. Sy het in die welvarende handelstad, Magdala, gebly. Voor ons gaan kyk wie sy was en wat ons by haar kan leer, kom ons gaan kyk net gou wie sy nie was nie. Ons lees nêrens dat sy losbandig gelewe het nie. En daar is geen bewys in die Bybel dat sy die vrou was wat Jesus se voete met reukolie gesalf het nie.

Maria se verhaal begin waar sy vasgevang is in die donkerste donker van sonde. By haar eerste kontak met Jesus was sy 'n bejammerenswaardige mens. Sy was waarskynlik vuil en onversorg toe Jesus 7 duiwels uit haar uitdryf.

Sy mag oor duiwels is al duidelik nog voor Hy gesterf en opgestaan het. Ons krag en heerskappy oor duiwels is ook van Hom. In Jak 4:7 lees ons: "Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug."

Dit is logies om te aanvaar dat sy deel van groep mense was wat soos opdrifsels eenkant toe gestoot is en aan die rand van die samelewing geleef het. Die kerk en godsdienstige leiers van haar dag sou nie naby haar kom nie. Hulle het haar as onrein beskou. Sy moes ten alle koste vermy word. Jesus het egter vir alle mense kom.

In Mark 2:17 sê Jesus vir die Skrifgeleerdes en Fariseers wat mor omdat Hy by die tollenaars en sondaars kuier: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars."

Ons as kerk word, deur die optrede van Jesus, opgeroep om eerlik selfondersoek te doen of die Maria Magdalena's van ons dag, mense vasgevang in sonde, enigsens op ons radar verskyn?

Na haar bevryding van duiwels het Maria Magdalena 'n lewe gevul met dankbaarheid geleef. Sy het Jesus onvoorwaardelik gevolg. Sy het beslis verdien om een van sy dissipels in die wyer betekenis genoem te word.

Sy was 'n dinamiese vrou wat opreg omgee het vir die ander en nie net saam met Jesus gereis het nie, maar ook bygedra het om in die groep se behoeftes te voorsien. Ook haar beursie was in dankbare diens van die Here. Ons lees in Luk 8:1-3: "Jesus het die land deurkruis van die een stad en dorp na die ander. Oral het Hy gepreek en die evangelie van die koninkryk van God verkondig. Die twaalf was saam met Hom en daarby 'n aantal vroue wat van bese geeste en siektes genees was. Daar was Maria, bekend as Magdalena, uit wie sewe bese geeste uitgegaan het,... Hierdie vroue het uit eie middele vir Jesus en die twaalf gesorg.

Elke keer as ons haar sien, is sy besig om haar dankbaarheid teenoor Hom uit te spel met haar hele lewe, omdat Hy haar bevry het.

Maria dien die Here ook saam met ander mense.

Ons lees 14 keer in die Nuwe Testament van haar. In 8 van die 14 gedeeltes word haar naam saam met ander vroue genoem. Sy was deel van 'n groep. 'n Interessante feit is dat haar naam in die meeste gevalle eerste genoem is. Dit is 'n moontlik aanduiding dat sy 'n leiersrol gespeel het.

Sy het die kruispad treetjie vir treetjie agter Jesus aan geloop. Sy was by toe Hy gekruisig is, gesterf het en begrawe is.

Ons lees in Matt 27:55-56 van die gebeure rondom Jesus se sterwe: "Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir Hom gesorg het. Onder hulle was Maria Magdalena..."

Die Sondagmôre na Sy kruisiging is al die dissipels, behalwe Johannes, besig om weg te kruip omdat hulle bang was. Maria Magdalena was, saam met die ander vroue, met hul kruietoppad na die graf om sy liggaam te gaan balsem, toe sy op die leë graf afkom. Dit het hulle nie verwag nie!

Maria Magdalena was egter die eerste persoon wat Hom ná sy opstanding gesien het. Ek dink nie dit was toevallig dat eerste persoon aan wie Jesus na sy opstanding verskyn het, 'n vrou was nie!

Dit bring ons by Mark 16:9, ons teksvers en die sleutelteks in Maria se verhaal: "Ná Jesus se opstanding vroeg die Sondagmôre, het Hy heel eerste aan Maria Magdalena verskyn, uit wie Hy vantevore sewe bese geeste uitgedrywe het."

Ook in Joh 20:17-18 sien ons dat sy die eerste getuie van die opstanding van Jesus Christus is: "Maria draai na Hom toe en sê in Hebreeus vir Hom: "Rabboeni!" Dit beteken leermeester. Jesus sê toe vir haar - gaan na my broers toe en sê vir hulle: "Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is." Maria Magdalena het toe vir die dissipels gaan sê: "Ek het die Here gesien!" En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het."

Maria se geloof was nie ingewikkeld nie. Dit was kinderlik, eenvoudig, ewewigtig en opreg. Om te glo en te gehoorsaam was vir haar belangriker as om alles te verstaan. Haar geloofsverhaal was, soos elkeen van ons se verhaal, 'n verhaal God se liefde, van sonde, verlossing en dankbaarheid. Maria Magdalena se lewe in een sin opsom is: deur Jesus Christus verlos van bejammerenswaardige duiwelbesetene en geroep tot dinamiese volgeling en getuie.

Ons leer ook die Here beter ken in hierdie verhaal. Ek sluit af met 3 vrae juis hieroor: Jesus het alle mense lief - het ons alle mense lief? Vir Jesus is alle mense goed genoeg om Hom te dien - wat is jou verskoning om Hom nie te dien of nie 'n dankbare getuie te wees nie? In Jesus se oë is mans en vroue gelyk - kyk ons ook so na verskillende geslagte? Amen